Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Paul Swart**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Paul.Swart@westerncape.gov.za | 021 467 2025

Lêerno.: 18/2/R
Verwysing: 20240626-4881

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0012/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer (distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by gewone openbare skole en vaardigheidskole

**Onderwerp: Vaslegging en aftekening van Leerdervervoerskema- (LVS-) aansoeke om leerdervervoerdienste vir die 2025-skooljaar (nuwe dienste en bykomende leerders)**

1. Daar word van skole verwag om LVS-aansoeke vir die 2025-skooljaar op die aanlyn aansoekstelsel wat op SOBIS beskikbaar is, vas te lê en af teken. Toegang tot die stelsel kan op die skool se profiel verkry word deur die oortjies *Administration* >> *Learner Transport* >> *New Applications* te gebruik. 'n Duidelik uiteengesette gebruikershandleiding vir skole oor hoe om LVS-aansoeke op die nuwe aanlyn aansoekstelsel te voltooi, is op die tuisblad van die stelsel op SOBIS beskikbaar.

2. Die verwerking van LVS-aansoeke vir die 2024-skooljaar moet teen 31 Julie 2024 afgehandel en op SOBIS afgeteken word, aangesien die **funksionaliteit vir die 2024-skooljaar ná 31 Julie 2024 nie meer aktief sal wees nie**. Vanaf 01 Augustus 2024 sal enige LVS-aansoeke vir die 2024-skooljaar slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word, en indien 'n behoefte bestaan, sal sodanige aansoeke goed gemotiveer en met die LVS-subdirektoraat by Hoofkantoor gekommunikeer moet word.

3. LVS-aansoeke vir die byvoeging van **nuwe LVS-roetes** en vir die insluiting van **bykomende leerders** op bestaande LVS-roetes in Januarie 2025, moet vanaf **01 Augustus 2024** deur middel van die aanlyn LVS-aansoekstelsel op SOBIS vasgelê word en teen **30 Augustus 2024** deur prinsipale afgeteken word.

4. Die betrokke kringbestuurders en distriksbestuurders word versoek om te verifieer of leerders ingevolge die *Wes-Kaapse Onderwysdepartement se Beleid oor Leerdervervoerskemas*, 2013, vir leerdervervoer in aanmerking kom wanneer aansoeke oorweeg en elektroniese LVS-aansoeke afgeteken word. Terselfdertyd moet daar eers gekontroleer word of leerders by koshuise geplaas kan word voordat aanbevelings vir die insluiting van hierdie leerders op 'n LVS-roete gemaak word.

5. Distriksbestuurders moet toesien dat LVS-aansoeke betyds deur die betrokke LVS-amptenare in distrikte verwerk word en dat elektroniese LVS-aansoeke vir die 2025-skooljaar teen **20 September 2024** afgeteken is.

6. Dit is van kardinale belang dat LVS-aansoeke teen **20 September 2024** deur die betrokke distriksbestuurders verwerk en afgeteken word om te verseker dat dienste vir die eerste skooldag van 2025 verkry kan word en beskikbaar sal wees. Aansoeke wat ná die bogenoemde sperdatum afgeteken word, loop die risiko dat dit nie betyds goedgekeur sal word vir die eerste skooldag van die 2025-skooljaar nie.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-07-08